NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

22 Mei 2020: Nr 12/2020

Warm nuus

Nuus van die Algemene Sinode

Nasionale Biddag

Gustav Claassen, Algemene Sekretaris skryf: "Neem asseblief kennis dat die President versoek het dat 'n **Nasionale Biddag** geoormerk word vir Vrydag, **29 Mei 2020**. Meer besonderhede oor hoe die geleentheid ingeruim sal word, sal binnekort deur die kantoor van die Algemene Sinode deurgegee word."

Materiaal vir week van gebed

Een van die prioriteite wat geïdentifiseer is tydens die Algemene Sinode verlede jaar is die omvorming van strukture tot gesinkroniseerde, ekumenies geïntegreerde netwerke. Die *Church Unity Commission (CUC)* het materiaal beskikbaar gestel wat gemeentes/ringe kan gebruik in die komende tyd. Aangeheg is die materiaal wat gebruik kan word om samewerking met ons ekumeniese vennote te versterk.

VBO-Forum: Aanlynseminaar - **Pandemies:** 'n Historiese perspektief op die 1918-griep en ander epidemies.

Datum: **27 Mei** om 12:00
Inskrywings vóór Maandag 25 Mei 08:00. **Kliek hier** om elektronies in te skryf.

Stories van Hoop

Kliek hier om hierdie week te lees hoe ***Kameeldrif*** moes leer swem toe tye so vining verander het en hoe ***Wonderboompoort*** uitkyk vir geel linte …

Vriendelike versoek aan gemeentes: Ons wil graag in hierdie tyd verhale van hoop met mekaar deel. Gemeentes is welkom om stories van nie langer nie as 150 woorde en twee foto's vir Hermien te stuur by hermien@noordsin.co.za.

Covid-19: Wenke

Ons wil graag in hierdie tyd handevat. Kom ons help mekaar met praktiese wenke. Stuur gerus jou wenk vir Hermien by hermien@noordsin.co.za.

Dalk moes julle in hierdie tyd julle basaar kanselleer.

- Praat met Deon Groenewald van Renosterpoort (083 642 9389) oor wat dit beteken om 'n *Pienk basaar* tydens die inperking te hou.
- Kontak vir Louis Pretorius (072 394 6097) van Naboomspruit oor hoe jy pannekoek aanlyn kan verkoop.
- Bel vir Bettie Wagner-Ferreira (082 895 6062), Attie Nel (082 4185054) of Nadine van Eeden (079 576 1890) van Waverley om te hoor hoe jy 'n inrykafee suksesvol kan laat gebeur.

Dalk is die nuwe tegnologie vir jou 'n nagmerrie en weet jy nie waar om vir hulp aan te klop nie. Kontak gerus vir Pieter Visser van Wierdapark (082 565 9435) of vir Marco la Grange van Koedoeskop (078 824 6966).

❖ Toolkit vir gemeentes

Handige hulpbron vir gemeentes

Nico Mostert van die Vrystaat skryf: "Hierdie tye van afsondering, humanitêre krisisse en hulpverlening plaas ons almal in ongekarteerde vaarwaters! Hier vanuit die Sinode Vrystaat, in samewerking met Wes-Kaap en Bybel-Media, het ons 'n praktiese "toolkit" vir gemeentes saamgestel vir gebruik tydens krisistye soos nou met COVID-19. Die idee is nie om al die antwoorde te gee of om al die hulpbronne te lys wat beskikbaar is nie. Ons wil wel gemeenteleiers en lidmate bemagtig met iets in die hand waarmee hulle hul roeping om kerk te wees, in krisistye kan uitleef.

- Gebruik hierdie skakel om die "toolkit" af te laai.

Sinodenuus

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: Dinsdag ***26 Mei*** om 11:00 - **Skriflesing**: Psalm 104.

- **Zoom uitnodiging**:

  Kobus Myburgh is inviting you to a scheduled Zoom meeting.
  Topic: Tekslees
  Time: This is a recurring meeting Meet anytime
  Join Zoom Meeting: https://zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
  Meeting ID: 921 9767 1478
  Password: 453371

- **Belangrike inligting**: Dis 'n herhalende vergadering sodat jy elke keer dieselfde ID en wagwoord kan gebruik. Indien dit die eerste keer is dat jy met Zoom inskakel moet jy vooraf die program/toep (app) aflaai en dan by "join meeting" ingaan en die ID en wagwoord in tik.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Ons innige simpatie

Hendrik Lambrechts (Wesmoot) se skoonma is in die afgelope tyd oorlede.
Jannie du Plessis (emeritus, vroeër van Dwaalboom en Northam) se dogter is die week oorlede.

❖ Hospitaal

Marius Cornelissen (Raslouw) kry Vrydag 'n rugoperasie.
Roelf Opperman (Kameeldrif) se vrou **Antoinette** was in die hospitaal vir 'n prosedure aan haar knie.
Riaan Steyn (Rustenburg-Suid) se aorta-klepvervanging is uitgestel na volgende week.

❖ Verjaarsdagwense:

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

24/05 Christiaan Gericke [Emeritus, 082 774 4752, cgericke01@gmail.com
26/05 Hendrik Barnard [Valhalla, 083 269 2768, hjjbarnard5@gmail.com]
27/05 Pieter Oberholzer [Emeritus, 082 332 5782, pieterjanob@gmail.com]
Dewyk Ungerer [Raslouw, 082 572 6463, dewyku@iafrica.com]
28/05 Martiens Swart [Pretoria, 082 416 2247, mjswart@icon.co.za]
30/05 Trix Truter [Marikana, 072 135 7357, trix@soft.co.za]
Johann Joubert [Emeritus, 082 553 7780, johannjoubert@telkomsa.net]
31/05 Johan Haasbroek [Kadoma, 00263 772 361850, johanhaasbroek24@gmail.com]

27/05 Lourens Strauss [Kameeldrif, 084 585 8595, straussalwine@yahoo.com]
31/05 Ingrid Esterhuizen [Raslouw, 012-653 2287, francoisest@xsinet.co.za]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Harare **[Gestig:** 28/05/1901]
Northam **[Gestig:** 31/05/1941]

❖ Wierdapark Gemeentekonsert

Wierdapark skryf Mathys Roets gaan vir NG Wierdapark 'n spesiale **Facebook-konsert** hou op Vrydag, **29 Mei** om 20:00.
Kaartjies beloop R50 per huishouding / toestel.
1. Bespreek by: https://www.familieboom.co.za/product/mathys-roets-live/
2. Kies die NG Wierdapark Konsert.
3. Maak en betaal jou bespreking
4. Stuur bewys van betaling ook na kantoor@ngwierdapark.co.za

Ander nuus

❖ Wat word van my pensioene in Covid-19

Ilana de Witt, konsultant by Simeka, deel hiermee die Mei-nuusbrief wat belangrike vraagstukke aanspreek. [Kliek hier]

❖ Nuus ontvang van Bybel-Media

- **Laai PDF-boeke vir Pinkster af -** Bybel-Media het nou 'n verskeidenheid aflaaibare boeke vir Pinkster beskikbaar. *Die Gees maak alles nuut* en *Agente van die Gees* neem lesers op 'n verkenningstog van die boek Handelinge, terwyl *gee vreugde* 'n leesreis van agt weke saam met Stefanus en Paulus is. Die boeke is in PDF-formaat beskikbaar en kan hier afgelaai word.
- ***Hannelie Matthee*** (waarnemende Uitvoerende Hoof) skryf die volgende: "'n Spesiale "**agter die skerms"-kykie** op wat Bybel-Media alles vermag. Hierdie nuusbrief bied 'n interessante perspektief op wat Bybel-Media moontlik maak en is 'n uitstekende voorbeeld van die impak wat die platform het. Bybel-Media – 'n bood-skapper van hoop vir mense in moeilike tye." [Kliek hier]
- Bybel-Media beskik ook oor 'n **vakature: Hoof-Uitvoerende Beampte** [kliek hier].

❖ Nuus ontvang van CLF

Christelike Lektuurfonds se **aanlynwinkel is oop** en, u kry 20% afslag op al ons produkte gedurende die Grendel-tydperk!
Besoek die aanlynwinkel by - https://clf.co.za/shop/, vandag nog en kry Christelike boeke wat u geloof sal groei en versterk, veral gedurende hierdie ongekende tye en reg vir die winter. Rus uself en u kinders toe met geloofs-vormende materiaal, Bybels en nog baie meer.

Naskrif